Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

2017-07

NO. 109; 1 van 5

BELEID – GESLOTEKRINGTELEVISIE

Beleid rakende die gebruik van 'n geslotekringtelevisie stelsel op die eiendom van Laerskool Dagbreek.

Inleiding

Geslotekringtelevisie (hierna genome "GKT") is geïnstalleer op die eiendom van Laerskool Dagbreek. Hierdie GKT stelsel is geïnstalleer na deeglike navorsing en 'n konsultasieproses met die beheerliggaam en skoolbestuur.

Hierdie beleid het ten doel die bestuur van die GKT stelsel op so 'n wyse dat dit nie sal inbreuk maak op die regte van leerders, personeel, ouers en besoekers van die skool nie. Hierdie beleid kan ook van tyd tot tyd hersien word sou die behoefte ontstaan.

1. **Doel van die beleid**

   Die doel van die beleid is om die gebruik van die GKT te reguleer in die monitering van die terrein, geboue, stoepe en trappe van Laerskool Dagbreek.

2. **Omvang**

   Hierdie beleid is van toepassing op malle personeel, leerders, ouers en besoekers van Laerskool Dagbreek. Enige persoon wat die terrein betree onderwerp homself of haarself aan die beleid.

3. Algemene beginsels

- Daar rus 'n statutêre plig op die beheerliggaam van Laerskool Dagbreek vir die bestuur en instandhouding van die terrein. Daar rus ook verder 'n plig van sorgsame toesighouding op die personeel van Laerskool Dagbreek ten opsigte van die leerders in hul sorg gelaat.

- Die primêre doel van die GKT is om misdaad en vandalisme te bekamp asook die gedragskode van Laerskool Dagbreek suksesvol toe te pas. Dit sluit onder andere in, maar word nie beperk nie, die bekamping van bullebakkery en diefstal.

- Die algemene veiligheid van Laerskool Dagbreek se werknemers, leerders, ouers en besoekers word met die implementering van hierdie GKT stelsel verbeter. Monitering van die terrein sal op 'n professionele, etiese en regsgeldige wyse geskied en nie aangewend word vir enige doel wat nie deur hierdie beleid gedek is/word nie.

- Die GKT stelsel mag nie aangewend word om op enige moontlike wyse teen enige persoon te diskrimineer op grond van byvoorbeeld ras, geslag, seksuele oriëntasie en gestremdhede nie.

- Visuele monitering van openbare gebiede is slegs gerig op sekuriteitsdoeleindes en mag nie inbreuk maak op die reg tot redelike privaatheid nie.

- Geen visuele data, ongeag hoe dit ookal bekom is, mag op enige manier in skoolverband gebruik word nie, tensy dit gemagtig is deur hierdie beleid, of tensy die gebruik daarvan deur die Beheerliggaam goedgekeur word nie.

4. Ligging van kameras

Kameras sal in geen areas geïnstalleer word waar enige persoon kan aandring op 'n redelike mate van privaatheid nie (kleedkamers sorteer onder hierdie kategorie). Kameras wat so geplaas word om eksterne areas te monitor (bv. Aantreeblad, stoepe en trappe) sal so geposissioneer word dat dit die minimum inbreek maak op private gesprekke asook individue wat toevallig in die area sou wees. Kameras in klaskamers en kantore is met mikrofone toegerus en neem dus beeld en klank op.

Geïdentifiseerde areas is as volg:

- Die hoof administrasiegebou
- Finansiële kantoor

- Alle klaskamers
- Van die stoepe
- Van die trappe
- Aantree – areas

5. Kennisgewing

Kennisgewings dat Laerskool Dagbreek van GKT gebruik maak is by die volgende plekke aangebring:

- Teen die heining by alle voetganger-ingange van die skool.
- In die ontvangs van die administratiewe gebou.
- Kindervriendelike kennisgewings sigbaar op die stoepe.

6. Stoor en bewaring van GKT data

Data sal vir 'n tydperk van minstens twee weke geberg word maar nie vir 'n tydperk langer as vier weke nie, behalwe waar die beleid anders bepaal.

In gevalle waar die gestoorde data as bewys gebruik kan word in dissiplinêre prosesse of regsprosesse, kan die data langer geberg word. Hierdie data moet in die kluis geberg word en toegang hiertoe is slegs vir geïdentifiseerde personeel voorbehou.

7. Toegang tot data

Data bekom deur die gebruik van die GKT mag slegs beskikbaar gestel word aan buite persone en/of instansies op skriftelike versoek en met die skriftelike goedkeuring van die skoolhoof en/of die voorsitter van die Beheerliggaam en/ of die toepaslike onderwysowerhede.

Indien data beelde van minderjarige leerders bevat mag hierdie data slegs beskikbaar gestel word met toestemming van ouers/voogde van geïdentifiseerde leerders asook die skoolhoof en/of die voorsitter van die Beheerliggaam en/of die Departement van Onderwys.

Monitors sal in die volgende kantore aangebring word.

- Hoofontvangs: Op hierdie monitor verskyn slegs die beelde van die hoofingang asook voorportaal gebied. Toegang tot hierdie monitor word verleen aan personeel werksaam in die ontvangsarea.
- Hoof: 'n Monitor in die skoolhoof se kantoor. Die skoolhoof het toegang tot alle data op die GKT stelsel.
- Adjunkhoof: Adjunkhoof het toegang tot alle data op die GKT stelsel (Uitgesluit die skoolhoof se kantoor).

Indien data geberg moet word sal die Hoof of Adjunkhoof van Laerskool Dagbreek dit doen. Die persoon mag onder geen omstandighede hierdie data of die inhoud van hierdie data met derde partye bespreek of deel nie.

Indien enige iemand behalwe die genoemde persoon hierbo 'n moontlike insident wil laat ondersoek word die volgende prosedure gevolg:

a) Die persoon (klaer; hetsy dit 'n opvoeder, leerling of ouers is) het geen toegang tot die stelsel of gebergte data nie.
b) Die hoof of adjunkhoof sal data ondersoek vir moontlike oortredings.
c) Die klaer moet in sy versoek 'n tydsraamwerk (dag en tyd) en spesifieke plek voorsien waarin die moontlike oortreding plaasgevind het.
d) Die klaer moet in gedagte hou dat geen data vir 'n tydperk langer as vier weke gestoor word nie.
e) Sou daar dus 'n versoek kom buite hierdie tydgleuf, kan die geval ondersoek word, maar kan die GKT slegs deel hiervan uitmaak indien die data nog beskikbaar is.
f) Die Hoof of Adjunkhoof kan volgens hul diskresie wel 'n derde party/e by 'n ondersoek betrek.
g) Hierdie derde party/e is dan ook gebonde aan dieselfde riglyne vir die gebruik van die stelsel.

8. Onregmatige gebruik

Enige persoon wat van mening is dat die stelsel gebruik word vir enige doel, behalwe soos deur hierdie beleid uiteengesit kan amptelik 'n klagte hieroor indien by die Beheerliggaam van Laerskool Dagbreek.

9. Goedkeuring deur die Beheerliggaam

Hierdie GKT beleid is deur die Beheerliggaam van Laerskool Dagbreek goedgekeur.

Geteken te Laerskool Dagbreek op _____dag van _____20____

_____	31-07-2017
Voorsitter van Beheerliggaam	**Datum**
_____	31-07-2017
Hoof	**Datum**
_____	_____
Distrik Direkteur	**Datum**